

**SAMEVATTING VAN
SINODEBESLUIE
OOR
VOLKEVERHOUDINGE**

**Saamgestel deur die Deputate: Volkereverhoudinge
van die Nasionale Sinode
van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**

Julie 1989

Gedruk deur E.F.J.S.

INLEIDING

Die koms van die koninkryk van God en die verheerliking van sy Naam is die doel van die geskiedenis van die wêreld. In die lig van hierdie doel moet dan ook alle menslike verhoudinge gesien word, van individu teenoor individu en van volke teenoor volke (Sinode 1967:186).

1. PERSOONLIKE VERHOUDINGE

1.1 In die koninkryk van God moet die liefde van Christus ook in die liefde tot die naaste geopenbaar word, want die tweede groot gebod wat aan die eerste (die liefde tot God) gelyk is, lui: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt 22:37—39; Sinode 1967:186).

1.2 Omdat God die mens na sy beeld geskep het, het Hy ook die gebod van die naasteliefde gegee (Sinode 1967:186).

1.3 Op grond van die feit dat God "al die nasies van die mensdom uit een bloed gemaak het" (Hand 17:26), waardeur die mensheid 'n eenheid vorm, en aangesien elke mens na die beeld van God geskep is (Gen 1:26, 5:1), het die gebod van die naasteliefde betrekking op alle mense selfs vyande (Rom 12:20). Die groot vraag is: Wie se naaste is ek? Die antwoord is: Van enigiemand wat my hulp nodig het, al is hy ook van 'n ander ras of volk. Hierdie waarheid word op treffende wyse in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan deur Christus geleer. Daar blyk dit dat die verstes, naamlik die Samaritaan—Jood, as naastes bymekaar gebring word. Dit word juis teenoor die Joodse beperking van die naaste tot die eie nasie gestel (Sinode 1967:186).

1.4 Dit gaan hier immers nie om onself of 'n ander nie maar om die beeld van God in ons. Daarom kan dit in die liefde tot die naaste nie ten koste van die liefde tot onself (ons eie) of in die liefde tot die eie ten koste van ons liefde tot ons naaste (die ander) gaan nie (Sinode 1967:186).

1.5 Ware liefde tussen mense verg dat ons ons naaste, ongeag sy ras, volk of kultuur, as geskape na die beeld van God aanvaar; dat ons hom as persoon, as skepsel van God, sal respekteer en dat ons gewillig sou wees om ons in sy plek te stel ten einde te begryp hoe ons ons teenoor hom in persoonlike en sosiale verhoudinge behoort te gedra (Sinode 1970:62).

1.6 Liefde in die Skrif (*ἀγάπη* in die NT) is nie 'n emosie of hartstog waarin die self verdwyn nie (sowel ten opsigte van God as ten opsigte van die naaste). Liefde is beoefening van geregtigheid, duidelik omskryf in die

Wet van God, soos dit in die bergrede verklaar en in die “goue reël” (Matt 7:12) saamgevat is. Dit kom hierop neer dat dit ons in staat stel om ons steeds uit onself te kan verplaas en in die plek van ons naaste, wie dit ook al mag wees, te kan stel (Sinode 1967:186).

1.7 God se bevel aan mense dat hulle liefde moet betoon en geregtigheid moet beoefen, is nie teenstrydig nie maar harmoniërende norme vir mense se persoonlike en groepshouinge en optrede, en is die rigtinggewende norme vir volke- en rasseverhoudinge (Sinode 1970:62).

1.8 Aangesien mense uiteraard eerder hulle eie belang as die welsyn van hulle naaste soek, behoort die kerk die plig van mense, sowel individueel as gesamentlik, te beklemtoon om selfverloëning in belang van die welsyn van andere te beoefen. Selfverloëning ter wille van Christus is die hoogste vorm van selfbehoud, want selfbehoud gaan alleen dan saam met gehoorsaamheid van die tweede groot gebod as dit bepaal en beperk is deur die Bybelse eise van liefde en geregtigheid, sodat dit nie met die onvervreembare regte — dit wil sê Godgewe voorregte — van ander inmeng nie (Sinode 1970:63).

1.9 Christene behoort aangespoor te word om hulle gemeenskaplike betrokkenheid en skuld saam met 'n wêreld wat deur sondige skeidinge en houdinge geskeur is, te erken. Hulle behoort opgeroep te word om hulle eie sondes in hierdie verband te bely en om herstelling te bewerkstellig deur Christus in die weg van liefde te volg (Sinode 1970:63).

Oor die wese van die kerk

2.1 Die eenheid van die kerk moet benader word vanuit sy wese as volk van God (Luk 2:32, Hand 15:14, Rom 11:1—2, Tit 2:14, 1 Pet 2:9—10), liggaam van Christus (Rom 12:5, 1 Kor 10:15—17, 12:12—31, Ef 1:22—23, 2:16, 4:1—5, Kol 1:18) en bouwerk van die Heilige Gees (1 Kor 3:16—17, 2 Kor 6:14—16, Ef 2:19—22, Op 3:12). Die kerk rus in die uitverkiesing deur God, die verlossing deur Jesus Christus en die herskepping deur die Heilige Gees (Ef 1:3v) en is as sodanig 'n absoluut unieke gemeenskap op aarde (1 Pet 2:9—10)(Sinode 1982:548).

Oor eenheid en verskeidenheid

* 2.2 Die gelowiges is in die eenheid van die liggaam van Christus verbind

* **Opmerking:** Punte 2.2 tot 2.4 is 'n herformulering van besluite 3.3.2.2 tot 3.3.2.7 (Acta 1985:434—435) wat soos volg gelui het:

3.3.2.2 As lede van die liggaam van Christus word die gelowiges nie van hulle natuurlike

tot 'n gemeenskap van gereddes in alle volke, nasies en tale. Hierdie verskeidenheid van volk, ras en nasieskap of enige ander natuurlike verband, hef die eenheid nie op nie (Sinode 1988:878).

2.3 Hierdie eenheid in die verskeidenheid word beklemtoon en geïllustreer by die stigting van die kerk op Pinkster, waar dieselfde evangelie deur elkeen in sy eie taal gehoor word (Sinode 1988:878).

2.4 Bediening van God se Woord beklee 'n sentrale plek en moet verstaan kan word. Die aardse (historiese) verskeidenheid van tale en kulture mag by die bediening van die evangelie en by die kerklike inrigting nie misken word nie, sodat elkeen die geleentheid het om die evangelie in sy eie taal te hoor en evangeliserend na alle volke uit te reik (Sinode 1988:878).

2.5 Die eenheid van die kerk as liggaam van Christus moet erken word. Dit mag wenslik wees om as gevolg van taalkundige of kulturele verskille afsonderlike gemeentes te vorm, dikwels met 'n eie manier van prediking en erediens, en in hierdie gevalle is dit nie verstandig om 'n uitwendige en daarom kunsmatige eenheid af te dwing nie, maar om die verskeidenheid in die volk van God te erken. Waar daar egter onderskeie kerke onder verskillende volksgroepe bestaan, mag geen persoon op grond van ras of kleur van 'n erediens uitgesluit word nie. 'n Gesamentlik erediens, die nagmaal ingesluit, tussen Christene, ongeag hulle ras, is 'n uitdrukking van die eenheid van die liggaam van Christus. Sodanige erediens van gelowiges uit verskillende rasse en volke is 'n teken van die eenheid van die kerk en die gemeen-

verwantskappe losgemaak nie. Intendeel, dit gaan om hulle verlossing in hulle geslagte en om nasies wat in hulle gelowiges en gedooptes verlos word. In die voleindigde koninkryk sien ons gereddes uit alle nasies en stamme en volke en tale (Op 5:9, 7:9, Hand 3:22)(Sinode 1967).

3.3.2.3 Verskeidenheid van nasies (rasse) word veronderstel en gehandhaaf by die stigting van die kerk op Pinkster waar die evangelie deur elkeen in sy eie taal gehoor word (Sinode 1967).

3.3.2.4 Met die oog op die vrugbare bediening van Gods Woord is afsonderlike institusie nodig en alleen maar bevorderlik vir die openbaring van die koninkryk van God (Sinode 1967).

3.3.2.5 Hierdie afsonderlike institusie is ook noodsaaklik vir die openbaring van die koninkryk van God onder alle volkere, tale en nasies (soos genoem in 2.2 en 2.3)(Sinode 1967). Die kerk staan nie los van die volkerewêreld nie, maar omdat dit die ware Godsvolk in die volk beliggaam, is die kerk in elke volk soos suurdeeg wat evangeliserend na die hele volk uitreik (Miga 4:7, Nahum 2:2; Jes 10:20—22; Jes 11:11; Jes 23:3; Matt 13:33; Matt 28:19; Hand 2:29; Rom 10:1; Rom 11:1—5; Rom 11:13—16)(Sinode 1967).

3.3.2.6 Uit die eenheid van die kerk volg derhalwe nie dat van “gemengde eredienste” 'n beginsel en voorskrif gemaak moet word nie. In die reël sal dit eerder nadelig as bevorderlik vir die koninkryk van God hier op aarde wees (Sinode 1967).

3.3.2.7 Ekumenisiteit moet nie binne die plaaslike kerke (“gemengde erediens”, “gesamentlike aanbidding”, “gemeenskaplike nagmaalsviering”) gesoek word nie, maar in kerkverband (Sinode 1967).

skap van die heiliges en kan 'n Christelike getuieis aan die wêreld wees (Sinode 1985:435—437).

2.6 Die Sinode wys daarop dat daar nie 'n geslotenheid ten opsigte van Woordbediening deur leraars uit kerke in dieselfde kerkverband behoort te wees nie. Wie ook al eenmaal ordelik geroep en bevestig is as bedienaar van die Woord binne dieselfde Gereformeerde Kerkverband, mag in enige gemeente waar hy ordelik genooi word, die Woord bedien (Sinode 1985:437).

2.7 Omdat afsonderlike (plaaslike) kerke die openbaring is van die een kerk, die liggaam van Christus, móét daar kerkverband wees. En omdat die kerk een en algemeen is, daarom kan die kerkverband nie voor nasionale of kleurgrense bly staan nie (Sinode 1967:188).

* 2.8 Hoewel die gemeenskaplike band deur die Algemene Sinode gelê word, behoort daar ook onderlinge kontak te wees tussen mindere vergaderings waar nodig, en op 'n wyse soos deur hulle bepaal (Sinode 1970:361).

Oor kerk en roeping

2.9 Die kerk is deur God geroep om die koninkryk van God te dien (Hand 1:6—8). Daarom is die taak van die kerk in die wêreld om koninklik te dien (Matt 5:44; Rom 12:20; Gal 6:10), priesterlik voorbidding te doen (Matt 5:44; 1 Tim 2:2 e.v.; Jer 29:7) en om profeties te getuig (Mark 6:18; Hand 24—26; 1 Pet 2:9—10; 2 Sam 12:7; 1 Kon 21:17 e.v.). 'n Onmisbare deel van die profetiese spraak van die kerk is om die betekenis van die Bybelse openbaring ten opsigte van vrede, versoening, vryheid en geregtigheid vir die samelewing het, duidelik te maak (Tit 2:12 e.a.)(Sinode 1982:548).

2.10 Die koninklike diens behels die volgende:

2.10.1 Jesus stel dit voor Pilatus baie duidelik dat sy koningskap (βασιλεία) “nie van hierdie wêreld” is nie (Joh 19:36). Dit wil sê: Hy heers as Koning nie op die tipies aardse en sondige wyse van wêreldse maghebbers nie. “Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien...” (Mark 10:45).

2.10.2 Daarom moet ook die burgers van sy koninkryk hulle koninklike roeping uitvoer as diens aan mekaar en aan alle mense (Mark 10:42—43; vgl. ook Fil 1:27—30).

* Besluit 3.3.2.12 in Acta 1985, bl. 437, nl. “Die Sinode gee aandag aan die agenda van die Algemene Sinode in die lig van KO, art. 30”, is in die konteks van hierdie besluite nie noodsaaklik vir opname nie en kan hiér uitgelaat word. Dit was 'n ad hoc-besluit wat in die Kerkorde nader gereël word.

2.10.3 Hierdie koninklike dienswerk vereis die getroue uitvoering van ons burgerplig en moet hier en nou gestalte kry in onderlinge geregtigheid en vrede met mekaar (Miga 4:3) en in harmoniese saamveg teen die magte van die bose (Fil 1:27—30).

2.10.4 Terselfdertyd mag die voorafgaande eis van die “hier en nou” nooit die gelowiges se perspektief en gerigtheid na bo en na vore verduister nie: “Want ons burgerskap is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus...” (Fil 3:20).

2.11 Die priesterlike diens behels die volgende:

2.11.1 In die Nuwe-Testamentiese bediening is daar vanselfsprekend geen ruimte vir enige uitwendige en formele offerdiens nie.

2.11.2 Die primêre offerdiens van alle gelowiges as priesters in die diens van God is dus die offers van die gebed (Heb 13:15; 1 Tim 2:1—8; ens.).

2.11.3 Die mondelinge gebede moet met 'n priesterlike offerdiens van 'n lewe van dankbaarheid gestut word (Rom 12:1 — soos uitgewerk in Rom 12:2—15:13)(Sinode 1985:437—439). Christene in die algemeen en die kerk in die besonder dra 'n verantwoordelikheid teenoor mense van alle volke en rasse wat onder armoede, onderontwikkeling en politieke verdrukking gebuk gaan. Gelowiges behoort gewillig te wees om elke geleentheid te gebruik om die lyding van sulke mense te verlig (Sinode 1970:64; 1985:439).

2.11.4 Hoedat hierdie biddende en mededeelsame lewende offerdiens in maatskaplik-staatkundige situasies, veral in komplekse sosiaal-volkekundige situasies in priesterlike bewoënhed werklik *beleef* moet word, skilder ons Here Jesus Christus vir ons baie lewend in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Mat 22:34—40; Mark 12:28—34; Luk 10:25—37; Gal 6:10)(Sinode 1985:439).

2.11.5 Voorts bly dit as priesterlike roeping van die kerk steeds aankom op die voortdurend bid om die koms van ons Koning en sy ryk in volkomeheid, wanneer daar nie meer droefheid of geweën of dood sal wees nie (Op 22:20; Rom 8:22—23; 1 Kor 15:28; 1 Tess 3:11—13; 1 Tess 5:23; Op 21:3—7).

2.11.6 Voorbidding vir owerhede (1 Tim 2:2).

2.12 Die profetiese diens behels die volgende:

2.12.1 Die eg profetiese roeping van die kerk in hierdie bedeling tussen die opstanding van Jesus Christus en sy koninklik-regterlike wederkoms kan en mag nooit van Christus en daarom van sy kerk se koninklik-priesterlike plek en werk losgemaak word nie.

Ten opsigte van *Christus* se werk wil dit sê: omdat aan Hom alle mag oral gegee is (koninklik); en omdat Hy met ons sal wees al die dae tot aan die vol-einding (in priesterlike bewoënhed),

● daarom moet ons (profeties) heengaan en dissipels maak... (Mat

28:18—20).

“In gehoorsaamheid aan die sendingopdrag van Christus behoort die kerk die evangelie aan alle nasies te bring. Die beginsel van naasteliefde vereis dat hierdie sending die karakter en kultuur van die ontvangers van die evangelie sal respekteer sodat die nuwe kerke in harmonie met die Skrif tot selfontplooiing kan kom” (Sinode 1970:64).

En ten opsigte van die *kerk* van Christus wil dit sê:

- omdat julle “’n uitverkore geslag, ’n *koninklike* priesterdom, ’n heilige volk . . .” is;

- omdat julle “’n uitverkore geslag, ’n *koninklike priesterdom*, ’n heilige volk . . .” is,

daarom moet julle — “verkondig (profeties!) die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” (1 Pet 2:9—10).

2.12.2 Die profetiese getuienis van die Ou-Testamentiese profete én van Jesus én van die Nuwe-Testamentiese getuies raak die regstreekse verhouding met God in geloof en heiligheid asook alle fasette van die Christelike lewe.

2.12.3 Daarom is dit (soos reeds in 4.1.1.2 Acta 1982, bl. 548 neergelê) “’n onmisbare deel van die profetiese spreke van die kerk . . . om die betekenis wat die Bybelse openbaring ten opsigte van vrede, versoening, vryheid en geregtigheid vir die samelewing het, duidelik te maak” (Sinode 1985:439—440).

2.13 In die verkondiging van die Woord behoort die kerke — waaraan die boodskap van Christus se koninkryk toevertrou is — moedig en toepaslik oor die heersende vraagstukke te praat, sowel tot opbouing en vermaning van sy lede as, waar nodig, tot kritiek op die optrede en beleid van owerheid en organisasies (Sinode 1970:63).

Gelowiges behoort deur die kerk, deur lering en tug, toegerus te word om God te dien in alle kringe van die samelewing, individueel en, waar moontlik, gesamentlik. Gelowiges behoort ook die gebod van liefde in volke- en rasseverhoudinge te verkondig en dit vir die sake van die burgerlike regering en die samestelling van die samelewing toepaslik te maak. In sy herderlike werk behoort die kerk te streef om houdinge van volks- en rassemeerderwaardigheid en -vooroordeel uit te wis deur sy lede tot volle Christelike volwassenheid in mens- en volkeverhoudinge te lei. Dit behoort met sterk aandrang, met volharding en met geduld gedoen te word (Sinode 1970:64).

2.14 Die taak van die kerk is om die verantwoordelike owerheid op te roep tot aandag en optrede wanneer ’n stelsel sodanig nadelige gevolge vir die verkondiging van die evangelie en die lewe van die kerk het dat verandering noodsaaklik geword het. In verband met trekarbeid en die ontwrigtende gevolge wat dit vir die lewe van die Swartmense het en waarvoor die stelsel

van trekarbeid medeverantwoordelik is, sal die kerk die owerheid se aandag op die gevolge moet vestig en op verandering moet aandrang (Sinode 1976:476).

Oor kerk en huwelik

2.15 “Die huwelik is ’n instelling van God wat die huwelikspaar, die familie, die kerk en die samelewing wesentlik raak. Die Heilige Skrif gee nie ’n uitgesproke oordeel oor rasgemengde huwelike nie. Bybelse lering oor die huwelik en oor die eenheid van die mensheid bied geen gronde om sulke huwelike as ongeoorloof te beskou nie. Die huwelikspaar, familie, kerk en staat behoort hulle in die geloof aan hierdie Bybelse beginsel te onderwerp. In die praktyk verplig die Christelike liefde om die probleme op die persoonlike, familie- en sosiale vlak wat ras-, etniese en kulturele verskille in ’n rasgemengde huwelik kan veroorsaak, in ag te neem. Hierdie implikasies geld veral vir kinders uit sulke huwelike. Daarom is dit noodsaaklik dat elkeen van die betrokke partye — die familie, kerk en staat — elkeen volgens sy roeping in ooreenstemming met die bogenoemde Bybelse beginsels hierdie implikasies aan die huwelikspaar sal aantoon” (Sinode 1979:73).

3. MAATSKAPLIK-STAATKUNDIGE VERHOUDINGE

3.1 Die Skrif leer baie duidelik en sterk dat die menslike geslag ’n eenheid is, want alle mense stam van een ouerpaar af (Gen 1; 3:20; 5:2; Hand 17:26 en Rom 5:12). In die loop van die geskiedenis roep God volke, nasies en tale in aansyn. God bepaal hoe lank nasies en volke sal bestaan en waar hulle sal woon (Hand 17:26). Verskeidenheid kom nog in die koninkryk in hierdie bedeling voor (vgl. pt. 3.3.3.3 en 3.3.3.4, numering in Sinode 1985:418); verskille en vyandskap word wel in Christus oorbrug en versoen (Hand 2:6; Rom 5:18—19; Ef 2:14)(Sinode 1988:50—51).

3.2 Die differensiasie in volke en rasse met die daarmee gepaardgaande gawes, ontwikkeling, beskawing of getalsterkte gee geen volk en ras die reg om hom in hoogmoed te verhef oor ander volke en rasse en om sy mag in dié verband te misbruik nie (Sinode 1967:187).

3.3 As gevolg van die sonde is òf die onderskeidinge gelykgeskaaf tot die eendersheid van Babel (Gen 11), òf dit is verskerp tot vyandskap. “Eiesoortigheid” en “andersoortigheid” is nie statiese begrippe nie, maar op grond van Gods Woord moet onderskei word tussen uitwissing van grense as beginsel en ’n vermenging waardeur nuwe vorme ontstaan. Daarom moet alle valse eenheidstrewes, massifikasie en uitwissing van grense, soos deur die

Liberalisme en die Kommuniste verkondig, as onskriftuurlik verwerp word. Dit loop uit op die ryk van die Antichris (Sinode 1967:187).

3.4 Uit wat bo gesê is, volg dat elke volk geroepe is om sy volkseie te bewaar, dit positief te ontwikkel en so ooreenkomstig sy eie aard sy Godgewe kultuurtaak behoort te volbring tot eer van God en tot seën vir die hele wêreld (Sinode 1967:187).

3.5 Die Skrif leer duidelik dat oordrewe nasionalisme (dit wil sê verafgoding van die volk) sowel as kosmopolitisme of wêreldburgerskap (geringskatting van die volk) in stryd is met die ordinansie van God. Ewe onskriftuurlik is die genasionaliseerde godsdiens wat wesenlik ook volksverafgoding is (Sinode 1967:187).

3.6 Ook die verhoudinge van rasse en volke staan onder die gebod van die liefde en die eis van geregtigheid. Volke wat deur die genadige beskikking van God verder ontwikkel is as ander, is geroepe om die minder ontwikkeldes te stimuleer tot gehoorsaamheid aan die kultuuropdrag van God, sodat hulle vermoëns en roeping volgens eie aard tot volle ontplooiing kan kom. Waar 'n volk in die situasie gestel word om gesag te voer oor ander ter wille van reg en orde, bring dit vir die gesagvoerende 'n geweldige verantwoordelijkheid en 'n positiewe plig mee om in gehoorsaamheid aan die gebooe van God die bevoogde in alle regverdigheid en met liefde en ywer te lei tot volle selfstandigheid (Sinode 1967:187).

3.7 Elke vorm van rassediskriminasie en rassisme is te verwerp. Elke poging om rasseheerskappy deur militêre, ekonomiese of ander middele te bestendig, is te verwerp. Die subtiele vorms van rassediskriminasie soos dit in baie lande vandag aangetref word in behuising, opvoeding, wets-toepassing, ens., is te verwerp (Sinode 1970:66).

Oor land en volk

3.8 Die aarde en alles wat daarop is, behoort aan die Here (Ps 24:1, Hag 2:8). Hy plaas mense en volke in bepaalde lande om as rentmeesters daar te woon en te werk en aan Sy koninkryk diensbaar te wees (Hand 17:26 en 27) (Sinode 1982:549).

*3.9 "God roep nasies/volke in aansyn en bepaal dat hulle woonplekke

* Opmerking

Hierdie is 'n herformulering van 'n vorige besluit van Sinode 1967 wat soos volg gelui het: Uit die feit dat God aan volke hul woonplekke en hul tye gee (Hand 17:26), volg dat as twee

en tye het/sal hê sodat hulle as rentmeesters Hom sal dien en eer (Deut 32:8; Amos 9:7—8. Hand 17:26; Rom 15:18). Die handhawing, verandering en/of opheffing van volksidentiteite val onder God se regering, terwyl die heilige Skrif hieroor geen voorskrifte gee nie. Die bestaan, voortbestaan (tydsduur), bestaanswyse en lokaliteit van bestaan van volke is primêr op die eer en verheerliking van God gerig" (Sinode 1988:51).

"Die Skrif keur die tipiese sondige menslike neiging af wat selfs 'n kenmerk van die volk vir die Here is, om meer op die regte en voorregte as op die verantwoordelikhede te konsentreer en om eerder selfsugtig te wees as bereid tot diens. Die Skrif bevat dus 'n oproep aan alle volke in alle tye om gedurig in diepe ootmoed hieroor tot selfondersoek, bekering en hervorming te kom" (Sinode 1988:56).

3.10 Elke volksgroep behoort die reg te hê om 'n mate van onderskeie ontwikkeling te verkies, maar nooit ten koste van 'n ander volk(e) in dieselfde land nie. Terwyl die wyse van sulke ontwikkeling van plek tot plek mag verskil, vereis die Christelike etiek dat liefde en geregtigheid beoefen word en dat alle groepe isolasie vermy en 'n verhouding van onderlinge hulpvaardigheid bevorder (Sinode 1970:65).

3.11 Waar 'n toestand van algehele gebiedskeiding om talle (onder andere geografiese en ekonomiese) redes nie moontlik is nie, word 'n besonder groot verantwoordelijkheid op volke en bevolkingsgroepe geplaas om onderling in 'n gesindheid van vrede, vryheid, versoening en regverdigheid saam te lewe, sodat die regte van minderhede eerbiedig word en oorheersing uitgeskakel word (Sinode 1985:444).

Oor vreemdelinge

3.12.1 Die Skrif maak in die Ou sowel as Nuwe Testament gebruik van die begrip vreemdeling met wisselende benaminge. Dit is egter duidelik dat in albei gevalle die weg vir die gelowige in al sy verhoudinge teenoor ander aangewys word. Wat ook al die besondere posisie van 'n vreemdeling is ten opsigte van die owerheid, sy gemeenskap en elkeen met wie hy in aanraking kom, eis God dat hy met geregtigheid en naasteliefde behandel word

volke of rasse op dieselfde grondgebied woon en elkeen sy eie identiteit wil bewaar, daar onnoemlike spanninge kan ontstaan. Gebiedskeiding tussen volke is een van die belangrikste faktore om ongewenste vermenging en bedreiging van die volksbestaan teë te werk. Waar dit nie verweselik kan word nie, lei die toestande tot verswelging van die een deur die ander, deurvermenging of gewelddadige vernietiging van die nasionale identiteit. Hieruit volg dat 'n volk wat sy identiteit wil bewaar, die offers wat gevra word vir verkryging en behoud van 'n eie vaderland moet bring, ook deur erkenning van geregverdigde aansprake van ander volke op hulle eie vaderland.

ooreenkomstig die wese van al die Ou en Nuwe Testamentiese voorskrifte oor die optrede teenoor verontregtes en die "wat geen helper het" nie (Sinode 1988:50).

3.12.2 Waar daar vreemdelinge in 'n land woon, moet hulle billik en regverdig behandel word en mag die regte wat hulle van Godswêe toekom, hulle nie ontnem word nie (Eseg 22:7; 47:21—23; Mal 3:6) (Sinode 1982:549).

Oor morele beginsels

3.13 Naas die beginsels van liefde en geregtigheid moet ook nog ander Skrifbeginsels soos vrede, vryheid en versoening genoem word. Al hierdie begrippe is in die eerste plek verbondsbegrippe, en hulle moet dus in die eerste plek verstaan word as uitdrukking van die verbondsverhouding tussen die Verbondsgod en sy verbondsgemeente. Van hieruit kry hulle egter 'n betekenis wat wyer uitkring om die volle lewe in al sy fasette te raak. Die nuwe lewe wat God uit genade aan sy kinders skenk, moet ook buite die mure van die kerk in die samelewing gestalte aanneem as 'n lewe in vrede, vryheid en versoening, dit wil sê as 'n lewe in harmonie met God en die naaste (Sinode 1982:548).

Oor vrede en geregtigheid

3.13.1 In die Skrif besit die woord vrede 'n omvattende betekenis, wat neerkom op: welsyn, welvaart, volle voorspoed, harmonie. Dit raak die verhouding tot God, die verhouding tot die mens self (sielevrede) en die verhouding tot die naaste en dus ook tot die samelewing. Dit is 'n gawe van God in Christus (Joh 16:33; 14:27; Rom 5:1; Kol 1:19—20); maar dit is ook 'n opgawe aan alle gelowiges om onderling met mekaar in vrede te lewe (Matt 5:9; Mark 9:50; 1 Kor 7:15; 2 Kor 13:11). Gelowiges word egter opgeroep om, waar enigsins moontlik, met alle mense in vrede te lewe (Rom 12:18; Hebr 12:14; vgl. Matt 5:9). Vrede is in die Skrif ook altyd baie nou aan geregtigheid verbind, sodat gesê kan word dat sonder geregtigheid ware vrede nie moontlik is nie (Ps 85:11; Jes 32:17; vgl. Rom 14:17). Geen wonder nie dat beide as kenmerke van die koninkryk van God genoem word (Rom 14:17). Alleen waar en wanneer mense en volksgroepe mekaar regverdig behandel, kan daar van ware vrede sprake wees. "Wie onreg saai, sal onheil maai" (Spr 22:8).

Oor geregtigheid en orde

3.13.2 Geregtigheid in die Skrif is in die geregtigheid van God gefundeer. Die grondbetekenis van die woord is 'reg wees'. Dit impliseer dat iets reg is

of dat iemand reg optree, d.w.s. voldoen aan die eise wat God daarvoor stel. Dit raak veral die mense se (gebroke) verhouding tot God, maar ook sy (gebroke) verhouding tot sy naaste. In Christus herstel God die verbroke verhouding tot Hom, en die mens kry deur geloof daaraan deel (Rom 3:24; 4:25; 1 Kor 1:30; Fil 3:9; Matt 4:15). God eis egter van sy kinders, aan wie Hy geregtigheid geskenk het, om mekaar ook regverdig en billik te behandel (Dan 4:27; vgl. Matt 5:26). Die Skrif is duidelik daarvoor dat vroomheid en erediens sonder 'n daaglikse lewe waarin geregtigheid nagejaag word, voor die Here waardeloos is (vgl. Spr 21:3; Jes 1:13; 43:23; Jer 7:22; Hos 14:2; Amos 5:25; 8:4—6; Matt 9:13; 23:23). Geen wonder nie dat geregtigheid so nou met die koninkryk van God verbind word (Rom 14:17; vgl. Matt 6:33) en spesifiek as die kenmerk van die beloofde nuwe wêreld genoem word (2 Petr 3:13). Omdat God sy kinders uit baie nasies roep (Hand 10:35), sal hierdie geregtigheidsmotief noodwendig sy invloed op die daaglikse politiek uitoefen. Christene word immers ook opgeroep om in die wêreld regverdig te lewe en te doen wat reg is (Tit 2:12; vgl. 2 Tim 2:22).

Politiek is, Bybels gesien, nie bloot "die kuns van die moontlike" nie maar die kuns om die maksimum geregtigheid met die maksimum orde te verbind. 'n Ordelyke samelewing moet as 'n besondere gawe uit die hand van die Here gesien en gewaardeer word, te meer as daardie orde met 'n maksimum geregtigheid onder die mense gepaard gaan. Geregtigheid verhoog immers 'n volk (Spr 14:34; vgl. Amos 5:24).

Oor vryheid en verantwoordelikheid

3.13.3 Reeds in die Ou Testament word in die uittog- en terugkeergesiedenis van Israel vryheid of verlossing in sy omvattende betekenis beskryf: Israel word deur die Here God sowel van die slawerny van Egipte en Babel (politieke dimensie) as van die afgodery (godsdiensstige dimensie) verlos. In die Nuwe Testament word hierdie verlossingsboodskap voortgesit en verdiep (Gal 5:1). Ons Here Jesus Christus red nie net die 'siel' van die mens uit die mag van die sonde, duiwel en dood nie maar die totale mens na liggaam en na gees. Christus bevry van geestelike magte (sondevergifnis) én van liggaamlike magte (genesingswonders). Hy oorwin alle magte wat die menslike lewe in die engte dryf (vgl. 1 Kor 15:24; Ef 4:8; Kol 2:15; Hebr 2:14—15). Sake soos godsdiensvryheid, gewetensvryheid, persvryheid, kunsvryheid, politieke en ekonomiese vryheid mag dus nie los van die Christelike vryheid staan nie, maar is onlosmaaklik daaraan verbind en logiese uitvloeisel daarvan.

Bybelse vryheid mag egter nooit met losbandigheid verwar word nie, maar is altyd nou verbind aan verantwoordelikheid. Die mens is nie tot 'n lewe los van God en sy gebod vrygemaak en begiftig nie, maar juis tot diens aan God en die naaste (vgl. Matt 25:14—30; Luk 19:11—28). Ons is vry van die

sonde maar vry vir diens aan God en hulp aan die naaste. Dit is ons verantwoordelikheid! Verantwoordelikheid is die gehoorsame antwoord van die mens op God se Woord aan die mens.

Oor versoening en antitese

3.13.4 Versoening beteken in die Skrif die herstel van die mens se gemeenskap met God deur Jesus Christus (Rom 5:10; 2 Kor 5:18—21). Die Skrif handel egter ook pertinent oor die versoening van die een broeder met die ander broeder (Matt 5:23—24). Christus het die vyandskap wat daar tussen mense uit verskillende nasies bestaan, vernietig deur hulle met God en so met mekaar (in die kerk) te versoen (Ef 2:15).

Daarom kan dit nie anders nie as dat gelowiges uit verskillende nasies met mekaar as versoendes in vrede sal lewe, en op sy beurt sal hierdie besondere lewenstyl van gelowiges noodwendig sy besondere invloed op die politiek van die dag hê.

Die versoening in Christus, wat selfs wêreldwye implikasies het (1 Joh 2:2; 4:10), beteken egter geensins dat gelowiges met die sonde van die wêreld sal saamspeel nie; intendeel, hulle word juis opgeroep om nie wêreldgelykvormig te wees nie (Rom 12:2; 2 Kor 6:14; 7:1) maar die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld (Matt 5:13—16). Hierdie antitese t.o.v. die sonde van die wêreld beteken nie 'n antitese t.o.v. die wêreld as sodanig nie, asof Christene nooit kontak met ongelowiges mag hê en nie met hulle in die samelewing mag saamwerk nie (1 Kor 5:10)(Sinode 1986:444—447).

Oor sonde

3.14.1 Sonde word in die Skrif beskryf as opstand teen, ongehoorsaamheid aan en vervreemding van die lewende God (Gen 3); verder as vyandskap teen God (Rom 5:10); oortreding van die wet van God (Ps 51:3, 5; 2 Kor 5:19; 1 Joh 3:4; 5:2); verwerping van die genade van God in Christus (Joh 15:22, 24; 16:9); ongeregtigheid (Ps 51:4 e.v.; Rom 5:6—9); liefdeloosheid teenoor die naaste (1 Joh 4:20), kortom, as 'n lewe in ongeloof en gebrokenheid, los van God, waarin die doel gemis word (Gen 39:9). Die Skrif leer ons ook en toon duidelik aan dat die sonde van die mens in verskillende gestaltes in die persoonlike, godsdienstige en sosiale lewe aan die lig tree (Sinode 1985:447).

3.14.2 Die mag van die sonde moet steeds op alle terreine van die volkslewe beveg en bekamp word. Owerheid en onderdaan moet voortdurend teen sondige gesindhede, optredes en wetgewing waak (Sinode 1982: 536).

3.14.3 Sonde het baie gestaltes. Naas die sterk persoonlike karakter daarvan is daar ook statutêre bepalings wat sondige praktyke tot gevolg kan hê en gevolglik die onderlinge verhoudinge tussen gelowiges in die samelewing en tussen volke kan benadeel. Verskeie sinodes het in die verlede aandag gegee aan sondes wat op tussenvolkse verhoudinge betrekking het, ten einde dit te bekamp. Besluite is geneem ten opsigte van:

- die ontwikkeling van kernwapens, wat 'n verontrustende openbaring is van die noodlottige gevolge waartoe 'n tegniek moet lei as dit deur 'n mensheid gehanteer word wat nie meer onder die tug van die Woord van God gebring word nie (Sinode 1961:144—146);
- die kerklike en sedelike probleme wat deur trekarbeid in die RSA veroorsaak word (Sinode 1976:476—477);
- onverantwoorde aanhouding sonder verhoor (Sinode 1979:74—76);
- rassisme (Sinode 1970:66);
- die eensydige hantering van die ontugwet (art 16) as sou slegs verhoudings oor die kleurgrens heen 'n oortreding van die sewende gebod wees — alle oortredings van die sewende gebod is sonde (Sinode 1982: 341)(Sinode 1988).

SLOTOPMERKINGS

Sinode 1988 het o.a. die volgende opdragte aan die nuwe deputate deurgegee:

1.1 Die Sinode besluit dat die besluite oor volkeverhoudinge in terme van art. 48 KO onder die aandag van die kerke in ander nasionale sinodes gebring word vir kommentaar;

1.2 Die Sinode dra dit aan die te benoeme deputate vir Volkeverhoudinge op om die gesprek hieroor met hulle voort te sit en om bogenoemde kommentaar te bestudeer en die volgende Sinode te adviseer.

2. Die Sinode dra dit aan die te benoeme deputate Volkeverhoudinge op om in oorleg met die deputate vir korrespondensie met buitelandse kerke en in die lig van die voortgaande gesprek met die CRC 'n studie te maak van moontlike verdere kritiekpunte van die CRC en die volgende Sinode hieroor te adviseer.